

**1 Mei**

**Lees: Efesiërs 6:1-9 (1933)**

**Fokusgedeelte: Eksodus 20:12, 20**

**Erken die absolute gesag van die HERE en leef in nederige onderdanigheid voor Hom**

Verbondskinders moet eer en respek aan hulle ouers, vader en moeder, gee. Vader en moeder moet in die kind se lewe gewig dra. Kinders moet hulle ouers hoog ag. Dit is die wil van die HERE jou God. Gehoorsaamheid en onderwerping aan God word in die kind se houding teenoor sy ouers gesien.

Van Jesus lees ons: "Hy was hulle (Josef en Maria) onderdanig." So het Hy die eis van die geregtigheid van God vir ons vervul. Hy het ons gehoorsaamheid geleer. Hy het vir ons ongehoorsaamheid en opstandigheid gesterf en in sy opstanding vir ons die lewe verwerf. 'n Kenmerk van dié lewe is die gehoorsaamheid wat in Hom was. Dit is die eis vir elke gelowige kind.

Ouers moet hulle kinders leer om onderdanig en gehoorsaam te wees. Hulle het gesag, seggenskap oor hulle kinders ontvang. God het hulle as ouers oor die kinders gestel. Hulle moet sy gesag oor hulle en hulle kinders erken en Hom in die uitoefening daarvan eer. In Christus tot nuwe gehoorsaamheid verlos, moet ouers hulle verantwoordelikheid opneem. So moet ouers hulle kinders in Godsvrees voorgaan en die kinders leer om in Godsvrees te lewe.

Teëpraterige en opstandige kinders is die produk van ongehoorsame en opstandige ouers wat in ontkenning van God se gesag leef en goddeloosheid kweek. Ons sal ons weer voor die HERE ons God moet sien, dit sal vir ons tot seën wees.

Hierdie beginsel wat vir die huis geld, geld ook in die breër kringe van die samelewing. God het sy orde gestel, en waar dit nie eerbiedig gevolg word nie, stuit die mens teen opstand en chaos. Die antwoord is: Hoor, die HERE ons God beveel nederige gehoorsaamheid aan sy gebooe.

*Sing: Psalm 119:4, 5 (1936)*

*Ds. PJ (Petrus) Jansen van Nieuwenhuizen (Marble Hall)*